Sing vooraf staande: Psalm 121:1, 4 (p. 608)

1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.

4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelinge!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 119:12, 13 (p. 589)

12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe in my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.

13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyt.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Skriflesing: 1 Korintiërs 6:12-20; Efesiërs 5:21-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 41

Kernvers: 1 Korintërs 6:19-20

Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. (1 Korintiërs 6:19-20 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).
(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide ons liggaam en siel 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).
(a) *Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.*

Tema: Omdat ek dankbaar is, dien ek die Here met my liggaam en my siel

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ’n mens aan die hand van ons Kategismus die waarheid van die evangelie van Jesus Christus verkondig, kom ’n mens noodwendig by Sondag 41 uit. Net so, wanneer die Tien Gebooie aan ons verklaar word, is dit vanselfsprekend dat die sewende gebod ook aan die orde moet kom. Die Heilige Gees dryf ons om ons lewe van dankbaarheid ook aan die sewende gebod te toets. Om dit te probeer systap gaan ons niks baat nie. Inteendeel, as ons nie ook luister wat die Here ons aangaande ons verhoudings en seksuele lewe wil leer nie, gaan dit die een of ander tyd op een of ander wyse gewreek word. Miskien het ons Christene se wegskrammery om God se duidelik Woord te verkondig oor verhoudings tussen die geslagte en seksuele verhoudings hom alreeds begin wreek. Ons Christene se wegskrammery kan ons bely as ’n bydraende faktor tot die seksuele mishandeling en misbruik van vrouens en kinders en Vigs onder die losbandige mense.

Die Here is glad nie onduidelik in sy Woord oor die mens se seksuele lewe nie. Maar nou moet ’n mens ook nie die fout maak om te dink dat daar in ’n preek oor die sewende gebod allerhande sensasionele inligting oor mense se sondes op seksuele gebied bekend gemaak moet word nie. Ongelukkig is daar al baie maal van preke misbruik gemaak om sensasie te wek deur juis inligting oor dié sondes in preke te noem.

Die gesonde balans moet egter gehandhaaf word. Ons moenie preke oor die sewende gebod vermy omdat dié onderwerp nog in sommige gelowiges se huise taboe is nie. Ons Here draai nie doekies om nie. In sy Woord leer Hy juis die mens oor sy seksuele verhoudings, want Hy het die mens immers as man en vrou geskape. Aan die ander kant moet ons ook nie preke misbruik om sensasie te wek nie. Die preekstoel en die erediens is nie ’n teaterverhoog of ’n teatervertoning om die mens te plesier nie. Tussen die twee uiterstes is die gesonde balans dit: In ’n preek oor die sewende gebod moet niks anders gedoen word nie as om Jesus Christus as ons Verlosser te verkondig. En verder moet die betekenis van sy verlossing vir die verhouding tussen die twee geslagte aangedui word.

Daarom, geliefdes, draai alles in die sewende gebod vir die Nuwe-Testamentiese gelowiges om die volgende vraag: Is Jesus Christus in ons verhouding teenwoordig of nie? Dan word met *verhouding* ’n huwelik, ’n verlowing en ’n vriendskap bedoel. Om elkeen van ons dan in staat te stel om op hierdie vraag eerlik voor God te antwoord, kom ons luister wat sê die Here is die betekenis van Christus se verlossing vir ons huwelik, verlowing of vriendskap. En ons doen dit aan die hand van twee sake soos dit uit ons Kategismus na vore kom: Ten eerste, wat is kuisheid en, ten tweede, hoe lewe ’n mens kuis?

Broers, susters en kinders, om te weet wat kuisheid is, moet ons teruggaan na die begin. God het die mens na sy beeld geskape – man en vrou het Hy hulle geskape. En in sy onbeskryflike genade het Hy hulle deur die band van die huwelik aan mekaar verbind. So haal Paulus dit ook aan in sy brief aan die Efesiërs: **Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.**

God het die huwelik ingestel en in die huwelik seën God die man en vrou en gee aan hulle ’n opdrag. Hulle moet in die huwelik kinders voortbring sodat die aarde met mense gevul kan word. Met hulle liggame moes die man en vrou in diens van God wees om die menslike geslag uit te brei. Dit is immers God se doel met die skepping van die mens – Hy wil ’n gelowige geslag hê wat Hom dien en eer omdat Hy God Almagtig is.

Maar die sonde het in sy geweld ook op die verhouding tussen die twee geslagte toegeslaan. Die huwelik het wel bly voortbestaan deur die genade van die Here, maar binne en buite die huwelik is daar tot vandag toe baie smart en verdriet as gevolg van die geweldige slag wat die sonde dwarsdeur die verhouding tussen man en vrou geslaan het.

Die gevolge van hierdie slag deur die sonde op die verhouding tussen man en vrou kom aan die lig van die vroegste tye af. Lameg is nie meer tevrede met een vrou nie; hy trou sommer met twee. Onder die Israeliete gebeur dit dat sommige mans nie meer tevrede is met hulle eie vrouens nie. En as gevolg van die hardheid van hulle harte vind egskeidings plaas. Sedert daardie tyd, geliefdes, duur die gevolge van die sonde steeds voort. Vandag kom dit aan die lig in buite-egtelike verhoudings, homoseksuele en lesbiese verhoudings, en dergelike ander misdrywe wat die voorblaaie van ons koerante haal.

Maar toe die volheid van die tyd aangebreek het, het God sy Seun gestuur. Christus het gekom om die mens van sy sondes te verlos en hierdie verlossing is van kardinale betekenis ook vir die verhoudings tussen man en vrou. Christus Jesus se bloed aan die kruis bring ook aan die in-wanorde-gerukte-verhoudings tussen man en vrou weer orde.

Dat dit Christus se bedoeling is om die orde in die huwelik te herstel, word in ’n sekere sin by die bruilof in Kana geopenbaar. Deur sy teenwoordigheid by die bruilof bewys Jesus eer aan die huwelik wat sy Vader ingestel het. Maar verder werk Hy ook die verleentheid en ongeluk teë wat die Satan kon gebruik op hierdie bruilof deur sy eerste wonder te doen. Ons kan ons maar net indink tot watter sondes die duiwel die mense op die bruilof sou verlei as Christus nie die orde bewaar het deur sy wonderteken nie.

Uiteindelik loop Christus se koms daarop uit dat Hy sy bruid, die kerk, aan die kruis op Golgota met sy bloed vrykoop van die sonde en die duiwel se heerskappy. En elke man en vrou in hierdie bruid is losgekoop. Elkeen van hulle se verhouding is met God die Vader herstel maar ook hulle verhouding met mekaar. Daarom is die volgende vraag vanaand in ons midde: Is Christus in jou huwelik of verlowing of vriendskap teenwoordig of nie?

Uit liefde vir sy kerk en vir elke kind van die Vader het Christus deur Paulus vir ons geskryf hoe’n huwelik lyk waarin Hy as Verlosser teenwoordig is. In so ’n huwelik is die man en vrou **uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig**. Die man ag sy vrou hoër as homself en die vrou ag haar man hoër as haarself, want voor God staan hulle albei as sondaars wat met die bloed van Christus skoon gewas is. Die man geniet nie by God voorrang omdat hy ’n man is nie, en net so die vrou ook nie omdat sy vrou is nie.

Maar aan die vrou het die Here besondere gawes en vermoëns gegee, en net so ook aan die man. Hulle het nie presies dieselfde gawes en vermoëns ontvang nie. Want met hulle besondere gawes moet hulle mekaar dien en aanvul en eer. Soos wat die hoof en hart in die liggaam nie mekaar se funksies kan oorneem nie, maar mekaar moet bystaan sodat die hele liggaam goed kan werk, so kan die man en vrou in die huwelik nie mekaar se funksies oorneem nie. Hulle is geskape om mekaar by te staan sodat die hele liggaam van Christus God kan dien en eer.

Die vrou moet haar man eer en respekteer soos wat die kerk Christus eer en respekteer. Die man moet sy vrou so liefhê soos wat Christus die kerk liefhet. Alles kom dus daarop neer dat die huwelik van een man en een vrou, soos wat God dit ingestel het, ’n afbeelding moet wees van die huweliksverhouding tussen Christus en sy bruid, die kerk. Indien gelowige mans en vrouens se verhouding in hulle huwelik die verhouding tussen Christus en sy kerk afbeeld, is Christus in hulle huwelik teenwoordig. En as Christus teenwoordig is, is die huwelik kuis en ingetoë.

Maar enige verhouding tussen die twee geslagte, hetsy ’n huwelik, ’n verlowing of ’n blote vriendskap, waar Christus nie teenwoordig is nie, is ’n onkuise verhouding. Dit wil sê, geliefdes, onkuisheid is meer as net ontrou tussen ’n man en ’n vrou, of ’n gedwonge huwelik, of ’n driehoeksverhouding, of prostitusie. Die verskil tussen kuis en onkuis is geleë in die antwoord op die

vraag: Is Christus in ons verhouding binne of buite die huwelik teenwoordig of nie? Daarom is ’n huwelik nie net onkuis wanneer dit as gevolg van owerspel, ontrou of liefdeloosheid op die rotse beland nie. Maar alle huwelike, ook dié van gelowiges, is onkuis wanneer dit nie meer die verhouding tussen Christus en sy kerk afbeeld nie.

In ’n huwelik waarin Christus die heerskappy deur sy Gees en Woord voer, sal die man en vrou mekaar help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort. ’n Gelowige man en vrou trou met mekaar nie net om liggaamlik bymekaar te wees nie, maar ook om ware siels- of geesgenote te wees. Hulle moet mekaar bystaan en help om Christus as hulle Verlosser te dien en te eer. Want die skokkende is dit: As ’n man en ’n vrou in die huwelik net in die liggaamlike en tydelike sake mekaar bystaan en mekaar nooit in Christus met die sake van die ewige lewe help nie, vind daar ’n deurlopende owerspel plaas. Dan staan hulle in mekaar se pad op die smal weg en by die nou poort.

Dit wil sê, broers, susters en kinders, ’n huwelik, ’n verlowing of ’n blote vriendskap is kuis en ingetoë slegs wanneer Christus met sy Gees en Woord die heerskappy daarin voer. Nou bly daar nog vir ons oor om te luister hoe sê die Here lewe ’n mens kuis. Wat beteken dit prakties?

As ’n huwelik voor God slegs kuis en ingetoë is as Christus daarin teenwoordig is, begin ’n kuis verhouding alreeds by die keuse van ’n lewensmaat. Nou is dit so dat baie van ons alreeds ’n lewensmaat gekies het en dat ons jong broers en susters in die meeste gevalle nog net in ’n vriendskap is of te jonk is om nou al so ’n keuse te maak of te wil maak. Maar dit gaan ons nie daarvan weerhou om te luister wat die Here sê nie.

Nou kan die jong broers en susters sê, en weet dit maar, julle sal beslis sê dat julle die regte keuse sal maak. Oppas! Wanneer ’n mens verlief is, is ’n mens se verstand nie altyd helder nie. Luister daarom vroegtydig. ’n Mens kies nie ’n lewensmaat omdat die vrou mooi is of die man ryk is nie. Die eerste vraag wat gevra moet word by die keuse van ’n lewensmaat is dit: Is hierdie man of vrou ’n mede-erfgenaam van die koninkryk van God? Is die man of vrou ’n Christen?

So ’n vraag mag vir baie mense van vandag outyds klink, maar daar is baie gelowige mans en vrouens wat met ongelowiges getrou het. En hulle probeer hulle huwelike met die ongelowiges regverdig deur te sê dat hulle die ongelowiges tot geloof sal bring deur middel van die huwelik. Onthou, ons moenie probeer om die doel van die huwelik te verander as waarvoor God dit ingestel het nie. Die huwelik is nie ’n hospitaal waar siek mense gesond gemaak word nie; die huwelik is ook nie ’n evangelisasie- of sendingaksie nie. Gelowiges wat hulle huwelike met ongelowiges wil regverdig, maak asof hulle ’n kykie in God se verborge raadsplan gehad het, terwyl Hy in sy geopenbaarde wil sê: **Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie** (2 Kor 6:14).

En om ons nog meer op die gevaar van huwelike tussen gelowiges en ongelowiges te wys, het die Here aan ons geopenbaar wat met Salomo gebeur het. Sy huwelike met ongelowige vrouens het daartoe gelei dat hy ook die afgode begin dien het. En dit het later daartoe gelei dat God die ryk van Israel in twee geskeur het. Wat gaan dit jou op die ou end help as jy die mooiste vrou of die rykste man gekry het en juis as gevolg daarvan vir ewig verlore gaan?

Geliefdes, ons bely dat ons nie net in die huwelik kuis en ingetoë moet lewe nie, maar ook daarbuite. Vandag word voorhuwelikse en buitehuwelikse seksuele verhoudings en selfs homoseksuele en lesbiese verhoudings bykans orals as die normale voorgehou. Sogenaamde deskundiges praat dit selfs goed. Maar ons onveranderlike God sê baie duidelik: **Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie.** ’n Losbandige verhouding voor of buite die huwelik of tussen twee mense van dieselfde geslag kan nooit die verhouding tussen Christus en sy kerk afbeeld nie. As die Vader so ’n verhouding uitdruklik verbied, sal die Seun nooit daarin teenwoordig wees nie. Daarom

sal ’n gelowige ook nooit die seënende teenwoordigheid van sy Verlosser in so ’n verhouding ervaar nie.

Kinders van God, ons bely in die heel eerste vraag en antwoord van ons Kategismus **dat ons met siel en liggaam aan Jesus Christus ons Verlosser behoort**. Hy het ’n duur prys betaal om ons siel sowel as ons liggaam van die sonde te koop. En omdat ons liggame aan die Here behoort, het Hy dit gekoop om as tempel vir die Heilige Gees te dien. Daarom kan en mag ons nie met ons liggame doen wat ons wil nie. Ons is nie meer baas oor ons liggame nie. As ’n mens in ’n huis woon wat aan iemand anders behoort, gaan jy nie die reëls wat die eienaar neergelê het, oortree nie. Ons liggame behoort aan die Here waarin Hy ons laat bly, daarom mag ons nie sy reëls vir ons liggame oortree nie.

Aangesien ons liggaam en siel ’n tempel van die Heilige Gees is, mag ons dit nie met allerhande **dade, woorde, gebare, gedagtes, luste en alles wat ’n mens daartoe kan verlei** om onkuis te wees, besoedel nie. Ons liggaam en siel moet rein en heilig wees. Vermy al hierdie dinge wat tot ’n onkuise verhouding kan lei. Eintlik nog meer, ons moet daarvan wegvlug soos wat Josef van die ontroue vrou van Potifar af weggevlug het.

Om altyd die dinge te vermy en daarvan weg te vlug wat ons tot ’n onkuise verhouding kan verlei, is ’n stryd teen die sonde. En dit is nie ’n maklike stryd nie. Want menige gelowiges het al in die stryd teen ’n onkuise lewe geval. Tog beteken dit nie dat die stryd nutteloos is nie. In die sonde moet ons nie bly lê nie.

Om kuis te lewe beteken prakties om ook opreg berou te hê oor ’n sonde teen die sewende gebod en jou lewe in dankbaarheid by Christus te soek. Christus het immers saam met tollenaars en sondaars geëet en met prostitute gesprekke gevoer. En aan die berouvolle prostituut wat voor Hom gesleep is, het Hy gesê dat Hy haar ook nie veroordeel nie en daaraan toegevoeg: **Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie** (Joh 8:11). Hy het haar haar sonde vergewe en deur die krag van die Heilige Gees was sy in staat om van toe af teen die sonde te stry.

Broers, susters en kinders, oor ons hele lewe het God iets te sê, want met ons hele lewe – liggaam en siel – behoort ons aan Hom. Hy het ons duur gekoop en die prys is betaal. Laat ons nou uit dankbaarheid die Here met liggaam en siel dien en die sonde teen die sewende gebod en die dinge wat ons daartoe kan verlei, nalaat en daarvan wegvlug.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:8, 10, 11

8 Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie, / maar liefde moet jou steunsel wees.
Jy mag die heil'ge eg nie breek nie, / maar, kuis van hart, die HERE vrees.

10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade͡is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.
Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 22 Januarie 2012